Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2016

# AFRIKAANS HUISTAAL V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As ’n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As ’n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ’n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

6. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. *Literêre opstel*
   As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die memorandum is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.

8. *Kontekstuele vrae*
   As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL – VROEGHERFS

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Di**e kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.**

- **Die drie prosesse wat in die oktaaf beskryf word, is die rypwordings-, stropings- en suiweringsproses**, want die letterlike prosesse in die natuur word in die eerste gedeelte van die gedig uitgebeeld.
- **Daar word om 'n suiweringsproses in gebedvorm in die sestet gesmeek**, want die spreker bid dat sy/haar jeugjare so suiwer moet word soos 'n pragtige herfsbeeld./Bv. *... laat hierdie dae heilig word ...*
- **Die gebed in die sestet handel oor die herskepping en suiwering van die menslike gees** deur rypwording en stroping totdat net dit oorbly wat saakmaak./Bv. *tot al die hoogheid eindelik vas en nakend uit my teerder jeug verskyn.*
- **Die spreker bid vir innerlike stroping en geestelike volwassewording** sodat hy/sy as mens kan groei en ontwikkel.**/**Bv. *O Heer, laat hierdie dae heilig word ... laat alles val wat pronk en sieraad was.*
- **Die spreker bid dat hy/sy gestroop word van alle dinge in sy/haar lewe wat pronkerig en oppervlakkig is** sodat hy/sy nie meer hierdie dinge as belangrik ag nie./Bv. *... en sieraad was of enkel jeug ...*
- **Die spreker smeek God dat Hy alle aspekte van die spreker se lewe wat nog nie pyn ken nie figuurlik moet stroop** sodat die spreker met hierdie aspek gekonfronteer kan word vir verdere volwassewording./Bv. *... en vér was van pyn ...*
- **In reël 12 bid die spreker dan vir geestelike rypwording** sodat hy/sy geestelike volwassewording kan bereik./Bv. *laat ryp word, Heer ...*
- **Die suiweringsproses word verder gevoer in reël 12 met die windbeeld**, want die spreker bid dat die Here deur middel van 'wind' / die heilige gees, verandering in die gees van die spreker kan bewerkstellig./Bv. *laat U wind waai ...*
- **Die spreker eindig met 'n laaste sterk stropingsgedagte,** want hy/sy wil hê dat hoogmoed en bravade van die jeug tot 'n einde moet kom sodat net die mooiste, opregte deel van sy/haar menswees oorbly./Bv. *laat stort my waan, tot al die hoogheid eindelik vas en nakend uit my teerder jeug verskyn.*

**Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.**

**[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

### Een sprong vir ... – Joan Hambidge

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Dit verwys na Neil Armstrong se beroemde woorde toe hy die eerste man geword het wat op die maan geland het. √ | (1) |
| | | |
| 2.2 | Die ellips beklemtoon die sprong wat plaasvind./<br>Die ellips laat die leser verder dink waarvoor 'n sprong gemaak word./ √<br><br>Die aandagstreep fokus die aandag op die antwoord wat die spreker in die volgende reël gee. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 2.3 | Dit impliseer dat die geliefde die spreker selfs meer as die 'son en die maan' – entoesiastiese beloftes – belowe het. √<br><br>Hoe groter die belofte, hoe moeiliker is dit waarskynlik om oor die teleurstelling van verwerping te kom. | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 2.4 | Dit beklemtoon vir die spreker die finaliteit van die beëindiging van die verhouding. √ | (1) |
| | | |
| 2.5 | Die slotstrofe lyk net soos die eerste strofe in vorm./<br>Die inhoud in die slotstrofe eggo feitlik die inhoud van die eerste strofe. √ | (1) |
| | | |
| 2.6 | Die spreker sê hy/sy het sy/haar liggelowigheid verloor./<br>Die spreker glo nie meer in die mites omtrent die liefde nie. √<br><br>Die spreker ontmasker die liefde en die geheimenisse daarvan stuk vir stuk in hierdie gedig.<br>Die leser kry deur middel van 'n 'geheimskrif' (die gedig) insae in die raaisels van verhoudings en die liefde. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | (1)<br><br>(2) |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### Die huis luister – Daniel Hugo

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die huis word as ŉ persoon beleef./<br>Die leser besef onmiddellik die huis is lewend./<br>Die huis word ŉ karakter in die gedig. √<br><br>Die ui-assonansie (h<u>u</u>is l<u>u</u>ister) beklemtoon die verband tussen die twee woorde./<br>Om te luister is om te konsentreer op dit wat jy hoor./<br>Die luisterproses is baie meer spesifiek as die hoorproses. √ | (1)<br><br><br><br>(1) |
| | | |
| 3.2 | Stry oor nietighede/kleinighede. √ | (1) |
| | | |
| 3.3 | Die aanhoudendheid van die kibbel word beklemtoon./<br>Die spreker beklemtoon dat daar oor meer as een ding/verskillende dinge gekibbel word./<br>Die omvang van die probleem word beklemtoon./<br>Die moedeloosheid/magteloosheid van die spreker (huis) word beklemtoon. √ | (1) |
| | | |
| 3.4 | Die fisiese/emosionele aftakeling word klankryk beskryf./<br>Die leser beleef die fisiese/emosionele aftakeling ouditief. √ | (1) |
| | | |
| 3.5 | Dit is ŉ hewige, maar kortstondige uitwerking van die hol woorde./<br>Woorde maak seer./<br>Die fisiese/emosionele aftakeling bereik ŉ hoogtepunt. √<br><br>Huisbewoners / gesinne maak mekaar seer met daaglikse struwelinge/ŉ gebrek aan respek./<br>Dit is binne die gesinsverband dat ons sien hoe mense mekaar werklik kan seermaak. √ | (1)<br><br><br><br>(1) |
| | | |
| 3.6 | Die huis en die inwoners ly saam deur dit wat in die verlede gebeur het en gesê is./<br>Hierdie aftakeling hoort nie in gesinne nie./<br>Mense wil nie betrokke raak nie, daarom bly die hulpkrete ongehoord. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Dit hoort nie so te wees nie. √<br>Die hulpkrete word nie gehoor nie. √ | <br><br><br><br>(1)<br><br>(1)<br>(1) |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### "last grave at Dimbaza" – Fanie Oliver

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Dimbaza is (20 km wes) van/naby King William's Town in die Oos-Kaap geleë. √<br><br>Die Britte het 'n dokumentêre rolprent oor die lotgevalle van swart Suid-Afrikaanse kindertjies in Dimbaza gemaak. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 4.2 | *"last grave at Dimbaza"/ "Beauty Douglas was born"* (die Britse dokumentêre rolprent, *Graves.*)/<br>*Op 'n wintersnag so all forlorn* (die kersliedjie, *Mary's Boy Child.*)/<br>*Wintersnag* – die gedig (*Winternag*, deur Eugene Marais.)/<br>*Sterre se liggies* (die Halleluja-liedjie, *As Hy weer kom /* In *Mary's Boy Child* is daar ook die verwysing na die *bright new star.*)/<br>*dis lekker om 'n vader te is, te is* (die studenteliedjie, *Dis lekker om 'n Matie te is, te is ...*) √√√<br><br>*Die kandidaat haal enige DRIE voorbeelde vir EEN punt elk aan.* | (3) |
| | | |
| 4.3 | Die man se vrou het aan 'n dogtertjie geboorte geskenk./<br>Die geboorte van die dogtertjie bring mee dat die man lobola gaan ontvang. √ | (1) |
| | | |
| 4.4 | Metafoor √<br><br>Die pa se hart is bly en hy sê nou presies hoe hy in sy hart voel. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 4.5 | Die verwysing na die spesifieke seël plaas die gedig in 'n sekere tyd/era./<br>Omdat vier sent toe baie geld was, besef die leser dat die pa baie betaal het en dus enigiets sou doen om die brief veilig by sy vrou uit te kry./<br>Die baie geld wat die pa spandeer het, wys sy opregte liefde vir sy kind. √ | (1) |
| | | |
| 4.6 | Die gebroke rym sluit by die hartseer stemming aan./<br>Die gebroke rym sluit aan by die gebrokenheid van die pa./<br>Die gebroke rym ondersteun die gebrokenheid/hartseer in hierdie haglike omstandighede./<br>Die eenvoud van die omstandighede word deur die gebroke rym beklemtoon. √ | (1) |
| | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### Om groot te word – Maryke Heyns

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Die gebruik van die infinitief (om … te) beklemtoon dat die grootword-proses steeds aan die gang is./nie afgehandel is nie./besig is om te gebeur./die kind nog nie ŉ grootmens is nie. √ | (1) |
| | | |
| 5.2 | Kwatryn √ | (1) |
| | | |
| 5.3 | Waar en hoe die woord geplaas is, sluit aan by die betekenis van die woord, tussenin./Die woord staan in die middel van die versreël tussen versreël 1 en 3./Die woord rym met *min*. √ | (1) |
| | | |
| 5.4 | Personifikasie √<br><br>Dit is volmaan. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 5.5 | Kom √<br><br>Die spreker wil die leser aanmoedig om die mooi en die lekker in te lewe na te jaag/daaraan vas te hou eerder as om net van die negatiewe aspekte/hartseer van grootword bewus te wees. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 5.6 | ŉ Tiener voel soms uit sy/haar plek./<br>ŉ Tiener is ongemaklik in sy/haar vel./<br>ŉ Tiener staan soms om die verkeerde redes uit./<br>ŉ Tiener weet soms nie hoe om op te tree nie./<br>ŉ Tiener doen/sê soms die verkeerde dinge./<br>Negatiewe konnotasies word dikwels aan grootword gekoppel. √<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*<br><br>Nee, alhoewel ŉ tiener soms uit sy/haar plek voel, kan hy/sy nog altyd uitbundig en vrolik wees en daar waar hy/sy is, gelukkig wees.<br>Nie alle tieners is geneig om die verkeerde dinge op die verkeerde tye te doen.<br><br>**OF**<br><br>Ja, ek voel baie uit my plek en is ongemaklik in my eie vel omdat ek nie altyd weet hoe om op te tree nie.<br>Tieners is geneig om die verkeerde dinge op die verkeerde tye te doen. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE redes vir EEN punt elk aan.* | (1)<br><br><br><br><br><br><br><br>(2) |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL – *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Die kandidaat verskaf ŉ gepaste inleiding.**

- **Die atmosfeer in Iris se ouerhuis het nie juis haar begeerte om te blom aangemoedig nie**, want Iris meen sy het op oorskietaandag geleef.
- **Sy kon nie in haar ouerhuis volle potensiaal ontwikkel nie,** want sy het ouers wat nie haar droom om ŉ groot oomblik te beleef, deel nie. Hulle is tevrede met ŉ gewone voorstedelike bestaan.
- **Iris se susters staan in die pad van Iris se begeerte om te blom**, want hulle lewe is altyd belangriker geag as Iris se vrae en onsekerhede.
- **Iris se begeerte om te blom word onderdruk** wanneer haar ouers en susters meen sy is te jonk om ŉ mening oor enigiets te hê.
- **In Iris se ouerhuis word haar menswees eerder gekritiseer**, want haar pa ondersteun nie haar keuses vir ŉ beroep nie en Elsa nie haar besluit om agter ŉ man aan oorsee te gaan nie.
- **Johanna dra egter positief tot Iris se lewensbegeerte by**, want sy ondersteun en gee raad en sê ook dat Iris vir hulle almal elke dag blom.
- **In die tuin van haar ouerhuis beleef ons Iris as ŉ karakter wat gegroei** het omdat sy in hierdie stadium van die roman besef het dat daar nie net een groot blomoomblik in ŉ mens se lewe is nie.
- **Iris ervaar vrede en rustigheid oor die lewe in die tuin** en wag op die kwart-voor-sewe-lelie om te blom, want sy besef sy is gelukkig en tevrede om elke dag ongesiens te blom.
- **Die tuin van haar ouerhuis wys haar begeerte om die mense vir wie sy lief is** by haar te hê wanneer sy die grootse magiese oomblik in die natuur gadeslaan.
- **Iris besef in die tuin van haar ouerhuis dat dit net so magies is** om ŉ gewone voorstedelike bestaan te voer soos dit is om die beste fantasie te beleef.
- **Frankryk en New York bied aan Iris die grootste moontlikhede om haar een groot blomoomblik te beleef**, want sy word raakgesien as model en word ŉ modelkontrak aangebied.
- **Frankryk en New York bied ook aan Iris die geleentheid om haarself en die wêreld beter te leer ken en te verstaan** en die dinge wat sy hier beleef, help haar besef wat sy uit die lewe wil hê.
- **Frankryk en New York is die ruimte waar Iris besef dat haar lewensfilosofie ander mense beïnvloed**, want Peter sê duidelik dat hy nie met haar begeerte om te blom saamstem nie.
- **In New York kom Iris tot die grootste besluit in haar lewe te staan**, want sy is onseker of sy hierdie groot modelblomgeleentheid moet aanvaar en of sy eerder ŉ lewe saam met Peter moet kies.
- **New York help Iris om tot die besef te kom dat die lewe nie ŉ fantasie is nie en dat sy nie op die een blomgeleentheid moet wag nie**, want Billy luister na haar en gee raad oor dinge waaroor sy innerlike konflik beleef.

- **Vermont laat Iris besef dat sy die gesinsopset geniet**, want sy hou daarvan om die vrou- en ma-rol in te neem en besef dat sy in ʼn groot mate blom as sy vir ander iets beteken.
- **Vermont bied aan Iris die geleentheid om haar verhouding met Peter te versterk** en sy blom wanneer hul liefde ʼn al groter werklikheid word.
- **Die Engel bring Iris in Vermont tot nuwe insigte oor die lewe** en Iris besef dat sy verantwoordelik is vir haar eie geluk/dat die lewe nie net een groot blomoomblik gaan oplewer nie.
- **In Vermont kies Iris dus om die werklikheid te aanvaar** en in ʼn groot mate dus afstand te doen van haar lewensbegeerte om te wil blom.
- **Iris dink aanvanklik haar werk as tandartsassistent kan bydra tot haar lewens-begeerte**, want haar werk sal nie met haar fantasie inmeng nie en sy kan leef soos sy wil leef en sy sal gelukkig wees.
- **Dis duidelik dat haar werkruimte egter min ondersteuning bied aan haar begeerte om iets groots te beleef**, want die werk het nie juis enige uitdagings aan haar gestel nie.
- **Iris kry tog in haar werkruimte die geleentheid om te blom toe Frederik haar vra om te trou**, maar sy het die kans op so ʼn blomoomblik van die hand gewys.

**Die kandidaat verskaf ʼn gepaste slot.** **[25]**

**OF**

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG – *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Iris bevind haar in ʼn hotelkamer in New York, Amerika. √ | (1) |
| | | |
| 7.2 | Verbeeldingrykheid/fantasie √<br><br>Iris se verbeeldingrykheid/fantasie help haar om die werklikheid/lewe draagliker/meer aanvaarbaar te maak. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 7.3 | Joe √<br><br>Iris glo dat sy net een keer in haar lewe gaan blom./net een kans gaan kry om ware sukses/geluk te ervaar. √<br><br>Joe bied vir Iris ʼn modelkontrak aan en dit kan dalk net die kans wees waarop Iris gewag het./kan haar blomoomblik wees. √ | (1)<br><br>(1)<br><br>(1) |
| | | |
| 7.4 | Die verteller bou spanning/afwagting.<br>Die verteller wys hoe Iris op Peter se bytende opmerking reageer. √ | (1) |
| | | |
| 7.5 | Sarkasme √<br><br>Peter is ontevrede met Iris se lewensfilosofie/dat Iris so vashou aan die gedagte dat sy net een kans het om te blom/om geluk te ervaar. √ | (1)<br><br>(1) |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | Ja.<br>Peter is oorsee kort nadat hy en Iris ontmoet het daarom was daar nie juis baie tyd dat hul mekaar behoorlik kon leer ken nie. √<br><br>Iris en Peter se ontmoeting was maar net ’n seksuele ervaring./<br>Iris en Peter se gesprek toe hy die aand by Iris se huis kom kuier het, was oor alledaagse/oppervlakkige dinge./ Iris en Peter het nie gereeld kontak nie./<br>Iris en Peter kommunikeer deur middel van telegramme. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | (1)<br><br>(2) |
| | | |
| 7.7 | Dit is ’n maklike/toevallige/ongemotiveerde oplossing vir ’n moeilike situasie. √<br><br>Net voor Iris voor die fisiese versoeking swig, lui die telefoon en is die probleem (dis ’n probleem omdat hulle mekaar nie goed ken nie) tydelik opgelos. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 7.8 | Iris het ’n huweliksaansoek van Frederik ontvang. √ | (1) |
| | | |
| 7.9 | Uiterlike konflik √<br><br>Hannes/Iris se swaer/Elsa se man √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 7.10 | Hulle bly albei stil om konfrontasie/die waarheid/ongemaklike situasies te vermy. √ | (1) |
| | | |
| 7.11 | Ja.<br>Baie mense hunker na ’n groot oomblik in hul lewe. √<br><br>Ek het geleer dat ’n mens nie na een groot oomblik moet hunker nie, maar die hier en die nou moet geniet./Ek het geleer dat die hele lewe ’n blomgeleentheid is./<br>Ek het geleer dat die realiteit van ’n geroetineerde voorstedelike bestaan net so magies soos die beste fantasie kan wees. √√<br><br>*Die kandidaat noem enige TWEE lesse, wat met die hooftema verband hou, wat hy/sy geleer het.* | (1)<br><br>(2) |

| | | |
|---|---|---|
| 7.12 | Iris leef aanvanklik in haar fantasiewêreld/skram weg van die werklikheid, maar aan die einde van die verhaal is sy tevrede met 'n geroetineerde voorstedelike bestaan en getroude lewe. √<br><br>Iris se ma wil nie saam met haar man plaas toe trek nie, maar aan die einde van die verhaal gee sy haar onafhanklikheid op en trek plaas toe. √<br><br>Elsa is aanvanklik hiperprakties en beplan alles, maar aan die einde van die verhaal is haar huis ook deurmekaar/sy verslap haar hiperpraktiese ingesteldheid/strewe om als perfek te doen. √<br><br>Kara sê aanvanklik sy gaan nooit trou nie/nooit kinders hê nie, maar sy trou tog later /sy en Claude kry 'n seuntjie, Michel. √<br><br>*Beide kante van die ironie moet genoem word.* | (1)<br><br>(1)<br><br>(1)<br><br>(1) |
| | | **[25]** |

**OF**

**VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL – M*anaka plek van die horings* – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.**

- **Baas het 'n besondere kennis van die bos** en die bome en die veld word in liefdevolle, ingeligte detail deur sy oë beleef.
- **Baas het ook 'n verstommende kennis van al die bewoners in die bos** en met die grootste agting word vlakvarke, olifante, koedoes, blouwildebeeste en sebras – waargeneem en deur Baas se oë beskryf.
- **Baas is in 'n groot mate afhanklik van die natuur om te oorleef**, want hy is uitgelewer aan die natuurelemente om sy dag tot dag bestaan te voer.
- **Hy vertoon die mag van die mens oor die dier** deur die diere van die omgewing te jag.
- **Toe Baas se oupagrootjie tydens 'n jagtog oorlede is,** besef hy die natuur kan ongenaakbaar wees en besef sy nietigheid.
- **Baas moet sy kamp beveilig teen die krokodille en seekoeie**, want hy besef die natuur maak 'n man weerloos.

- **Die natuur lewer verrassings op** toe 'n trop olifante Manaka besoek en die mens se weerloosheid verder beklemtoon.
- **Die mens is totaal aan die genade van die natuur uitgelewer**, want toe iemand die toue wat die Zambezi Grace vasgebind het en lossny, dryf die boot rivier-af.
- **Baas se respek vir die natuur word eerstens duidelik deur die hegte band tussen hom en sy honde**, want hy het sy honde liewer as enigiets anders.
- **Sy verhouding met sy diere is besonder heg**, want Baas gee toestemming dat die sendelinge vir nog een nag in sy hut kan slaap, aangesien hy by die honde in die kombuis sal slaap.
- **Baas betoon respek teenoor die natuur deur sy houding teenoor Morena,** die groot buffelbul, selfs al skiet Baas hom uiteindelik.
- **Baas is van kleins af lief vir die natuur**, roei gereeld op die Ebenezer-dam, en hou van jag.
- **Hy leef sy 'baasskap' oor die natuur uit**, maar voor die khuta en die Lozi-mense moet hy egter juis bewys dat hy hulle nie wil domineer nie.
- **Baas glo in die instandhouding van die natuur** en gee die bougainvillea wat sy oupagrootjie geplant het, water.
- **Baas se honde is ook uitgelewer aan ander elemente**, want voordat Baas 'n groot vlakvark kan skiet, val dit een van sy honde, Longwane, aan.
- **Baas betoon respek aan alle diere**, want toe een van die honde, Briekwa, vrek, het Baas hom met behulp van Sitali begrawe.
- **Die natuur bied aan Baas soete herinneringe**, want toe hy die kremetart met sy oupagrootjie se naam op kry, kerf hy sy naam daaronder uit.
- **Baas se begrip vir die natuur laat hom nugter optree**, want Baas agtervolg 'n trop buffels met die doel om Morena te skiet.
- **Baas maak seker dat die orde in die natuur herstel** word, want nadat hy vir Brindle begrawe het, volg hy die groot buffel se spoor verder en skiet hom uiteindelik dood.
- **Die verhouding tussen mens en dier word verder beklemtoon** toe Baas die buffel aan Johnnie as losprys vir sy vrou en kind gee.

**Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.** **[25]**

**OF**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG – Manaka plek van die Horings – Pieter Pieterse

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Mark is die eienaar van Zambezi Buffalo Transport. √<br><br>Hy gee vir Baas werk as bootsman op die Zambezi Joy./<br>Baas koop by hom die Zambezi Joy. √√ | (1)<br><br><br>(2) |
| | | |
| 9.2 | Die bougainvillea verwys na die herlewing/Christelike meelewing wat op Manaka plaasgevind het./Die beeld sluit aan by Baas se groei in sy selfondersoek./Iets wat dood was, word lewend. √<br><br>Die dooie stomp verander na blaar- en blombotsels √ en dan na trosse pers blomme. √ | (1)<br><br><br>(2) |
| | | |
| 9.3 | Baas lees nie meer Bybel na die bosoorlog/dood van sy ouers nie. √<br><br>Sy kennismaking met Grace konfronteer hom met Christenskap./<br>Baas se kontak met Grace en haar ouma – die Profeet van die Bybel – en die sendelinge wat hul intrek op Manaka neem, help dat hy meer gekonfronteer word met Christenskap./<br>Sy optrede bewys aan Grace en Ouma Essie dat hy in wese ŉ Christen is. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan vir EEN punt elk.*<br><br>Die sendelinge, Grace, ouma Essie, meneer Jos en meneer Whitey het elkeen op een of ander manier meegewerk om weer vir Baas sekerheid te gee oor sy wese as mens/sy verbintenis met God./<br>Hy kry ŉ antwoord op wat van jou ŉ Christen maak. √<br><br>*Oorweeg ook ander opsies wat binne konteks korrek is.* | (1)<br><br><br>(2)<br><br><br>(1) |
| | | |
| 9.4 | Personifikasie √ | (1) |
| | | |
| 9.5 | Derdepersoonsverteller √ | (1) |
| | | |
| 9.6 | Hy doen meestal sy eie ding./Hy verkies dit om smiddae saam met sy pa deur te bring eerder as met vriende./Hy keer net met sy honde terug plaas toe na sy ouers se dood./ Skoolvakansies roei hy alleen op die Ebenezerdam en Bo-Letabarivier./Hy oorweeg dit om skoolmaats op te soek, maar doen dit nie./Hy en sy hond slaap alleen in ŉ plantasie by ŉ vuurtjie./Hy besef dat ŉ mens familie ontgroei./ Hy was altyd voor die ander uit op die spoor van ŉ bosvark./Hy raak gou verveeld met sy werk by die saagmeule omdat hy nie van roetine hou nie./Hy jag alleen saam met sy hond, Brindle./Hy besluit ŉ mens ontgroei jou skoolvriende./Hy reis alleen./Hy het sy eie idee van hoe toeriste Afrika behoort te beleef. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| 9.7 | Lady is vernoem na sy ma./kom ŉ langer pad saam met Baas./het saam met hom op Manaka aangekom. √ | (1) |
| | | |
| 9.8 | Brindle dien as herinnering aan Baas se verbintenis met die verlede./<br>Brindle versterk die parallel tussen die huidige Baas en die eerste Baas./<br>Brindle se toegewydheid aan Baas vorm ŉ parallel met Baas se verbintenis daartoe om sy droom van ŉ boot op die Zambezi te verwesenlik./<br>Brindle se dood beteken ŉ nuwe fase in Baas se lewe. √<br><br>Lady sluit aan by die rol van Baas se herkoms in sy lewe. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 9.9 | Ouma Essie beskou haarself as die oudste lid van die gemeente (van Manaka Evangelical Mission)./<br>Sy meen sy is deur die Here uitverkies om Sy wil bekend te maak. √<br><br>Sy raak verteenwoordigend van die goeie/Christenskap/die gewete van ander mense. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 9.10 | Uiterlike konflik √<br><br>Ouma Essie is woedend oor sy ingesteldheid/benadering jeens godsdiens./dat hy as toordokter valse waarhede verkondig. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 9.11 | Die verteller skep spanning/afwagting. √ | (1) |
| | | |
| 9.12 | Die Lozi-mense is baie bang vir hom. √ | (1) |
| | Hy brand uiteindelik die kerk af. √ | (1) |
| | | **[25]** |

**VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL – *Vatmaar* – AHM Scholtz**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| |
|---|
| **Die kandidaat verskaf ŉ gepaste inleiding.**<br><br>• **Ma Khumalo word ŉ moeder** vir Borman (Norman), ŉ blanke seun wat deur sy eie mense verstoot word na sy ma se dood in ŉ konsentrasiekamp.<br>• **Alles wat sy het, deel sy met hom** terwyl sy hom gesond dokter.<br>• **Sy eie mense het vir hom gesê: “Voetsek, gaan weg!”**, terwyl hierdie swart vrou dit geen moeite geag het om aan hom liefde te gee nie.<br>• **Ma Khumalo bied aan Borman ŉ oorbegin**, want sy identiteitsverandering begin met die verandering van sy naam; dit is asof hy by Ma Khumalo ŉ wedergeboorte ondergaan, met nuwe waardes en gesindhede. |

- **Ma Khumalo glo ook nie in die onderskeid tussen kleur nie**, want sy het gesê Norman is wit en sy is swart – en saam maak hulle *Coloured*.
- **Ook Miriam Mohammed, hernoem Mary, vind by Ma Khumalo ’n heenkome** toe sy deur haar ouers verjaag word na haar ongehude swangerskap.
- **Ma Khumalo verpleeg die gebroke meisie** totdat sy weer na siel en liggaam geheel is en haar baba gebore word. As huldeblyk aan die ouer vrou laat sy haar seun Lukas Khumalo doop en bekeer sy haar tot die Christelike geloof.
- **Oupa/George Lewies verbreek bestaande konvensies met sy liefde vir ’n swart vrou;** Suzan, want hy het nie omgegee om sy passievolle liefde vir haar te wys nie.
- **Oupa Lewies en Oom Chai omhels mekaar toe Oupa Lewies sy vrou verloor het en huil saam** – ondanks die feit dat die een blank is en die ander “gekleurd”, die een Engels en die ander Afrikaans, is hulle ’n “tweeling” wat oor alles saamvoel.
- **Oupa Lewies het baie respek vir Ruth en haar familie** en daarom besluit hy, hy wil ’n rein lewe leef en nie sommer saam met haar woon nie.
- **Oupa Lewies het in so ’n mate liefde oor die grense heen uitgeleef** dat Oom Chai by Oupa Lewies se begrafnis gesê het hy is “meer swart as wit”.
- **Teenoor Oupa Lewies met sy liefde vir sy swart vrou, is daar Lewies se seun Tommy, wat Nellie Ndola seksueel misbruik** en dan verstoot omdat hy dink dat sy benede hom is as gevolg van haar donker kleur.
- **Tommy tree onmenslik teenoor Nellie op** en toe sy swanger raak bedink hy ’n plan om haar met haar neef, Lucas, te laat trou.
- **Met die een wat Tommy verag, gaan hy oor in aardse genot**, want hy glo hy is beter en kan beheer uitoefen oor wie ookal hy wil.
- **Die ironie in Tommy se onmenslike optrede teenoor Nellie, is dat hy in andere se oë ’n frats is**, en Piet de Bruin verwys spottend na hom as ’n *halfnaatjie*.
- **Dit is ironies dat Tommy, wie se ouers so ’n idilliese huwelikslewe gehad het, geen respek vir ’n vrou toon nie**, want die voorbeeld wat hy gehad het, het tog baie anders gespreek.
- **Mevrou Bosman is uiters rassisties** en hou nie daarvan dat Kennie haar as “Mevrou” aanspreek nie/hou nie daarvan dat haar kinders hulle arms om Kaatjie se nek sit nie.
- **Sy betoon geen menslikheid aan ander rasse nie** en noem Kennie “daai hotnot”.
- **Mevrou Bosman se snobisme is duidelik** wanneer Kaatjie by die kerk die kar se deure vir haar en haar kinders moet oopmaak, net ter wille van die status daarvan.
- **Sy tree onregverdig teenoor Kaatjie op** en laat haar slegs in die huis toe om die kinders te bad.
- **Sy is geweteloos as sy lag** toe sy vir Kenneth oor die telefoon sê dat Kaatjie haar werk net so gelos het.
- **Mevrou Bosman het geen respek vir mense oor die grens heen nie** en laat Kaatjie in die tronk beland. Kaatjie se gesondheid gaan agteruit en sy sterf by die geboorte van haar seun.
- **Mevrou Bosman was indirek verantwoordelik vir haar dood**, want Kaatjie het gesterf weens ontberinge en ’n gebroke hart omdat sy Kenneth se briewe van haar weerhou het.

**Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan.** **[25]**

**OF**

## VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG – *Vatmaar* – AHM Scholtz

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Tant Wonnie is by die magistraatskantoor om ’n huweliksertifikaat te kry./omdat sy vir weduweepensioen kwalifiseer. √ | (1) |
| | | |
| 11.2 | Derdepersoonsverteller √<br><br>Die verteller lig die leser omtrent die handeling/intrige/agtergrond in./ Die verteller skep afwagting. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 11.3 | Hy is ’n (wit) Duitser van Namibië. √<br><br>Hy is ’n arbeider van beroep. √<br><br>Hy was sober./sosiaal./ongelowig. √√ | (1)<br><br>(1)<br><br>(2) |
| | | |
| 11.4 | (On)geletterdheid √<br><br>Die meeste mense van Vatmaar kan nie lees of skryf nie./ Hulle moet vir Paul Cloete kry om die kerk se brief aan die mense te kom voorlees./ Paul Cloete moes die kerk se brief meer as een keer lees sodat die mense dit kon verstaan./ Baie mense is afhanklik van Devi vir die hantering van hulle geld./ Ruth en haar oom moes kruisies maak tydens haar troue./ Die ouers is in hierdie verhaal skaam omdat hulle ongeletterd is./ Luitenant Bib White moes die situasie op die oorlogsfront so manipuleer dat Norman en Heinrich nie geskei word nie, want hy het Norman beveel om niemand te laat agterkom dat Heinrich nie kon lees en skryf nie./ Hienrich kon nie ’n hoër rang beklee nie weens sy ongeletterdheid. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | (1)<br><br>(2) |
| | | |
| 11.5 | Hoflikheid/sjarme/afgerondheid/vriendelikheid/medemenslikheid √<br><br>Ja.<br>Die ander inwoners misbruik Tant Wonnie se goedheid/buit Tant Wonnie se goedheid uit/tree nie so vriendelik en hoflik teenoor haar op nie. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 11.6 | In hierdie boek word aangeteken vir hoeveel krediet/skuld die inwoners kwalifiseer./Skuldboek. √ | (1) |
| | | |
| 11.7 | Die dominee se vrou (me. Pienaar) help Tant Wonnie met haar aankope/ aanpassery by die klerewinkel./<br>Sy neem Tant Wonnie na haar huis toe vir ’n warm bad./<br>Me. Pienaar koop vir Tant Wonnie ’n kam-en-borsel-stel./<br>Sy gee vir Tant Wonnie ’n spieël geskenk. √√ | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 11.8 | Liefde/hartseer/respek/dankbaarheid/emosioneel √ | (1) |
| | | |
| 11.9 | In albei gedeeltes betoon die karakters respek aan haar. √ | (1) |
| | | |
| 11.10 | Sy het baie op aarde gedoen./Sy het haar lewe voluit geleef./Sy was diensbaar./Sy het haar aardse plig nagekom. √<br><br>Sy is gelowig/godsdienstig. √<br><br>*Die kandidaat mag nie direk aanhaal nie, maar moet karaktereienskappe aflei.* | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 11.11 | Op pad terug van die begraafplaas af, het Heinrich sy eerste woorde gesê./skielik vir Suzan “Ma-Ma” en vir Kenny “Pa-Pa” genoem. √<br><br>Hierdie oomblik dwing Kenny om na Suzan te loop en hul het mekaar omhels./mekaar gesoen. √<br><br>Hierdie oomblik laat Suzan en Kenny se liefde vir mekaar na vore kom./ Suzan huil nou die eerste keer na Tant Wonnie se dood./ Kenny huil toe hy Suzan se hartseer aanskou./Toe hul mekaar vashou, het die trane van verdriet trane van blydskap/vreugde geword. √ | (1)<br><br>(1)<br><br>(1) |
| | | |
| 11.12 | Tant Wonnie is gedwing om haar groot huis te verkoop en in ’n agterkamer te bly./Tant Wonnie ervaar intense hartseer omdat haar lewensmaat, Heinrich, in die oorlog sterf./ses van haar kinders in die Groot Griep sterf./<br>Settie September se valslike beskuldiging van Tant Wonnie het veroorsaak dat sy vir altyd die goedgunstigheid van die Vatmaar-gemeenskap verloor./Tant Wonnie verloor haar werk by die De Bruyns./ Tant Wonnie verloor weer na alles, want met haar terugkoms is haar kamer geplunder en haar besittings gesteel./Tant Wonnie verloor haar sewende kind as gevolg van Mevrou Bosman se verkeerde vermoede dat haar man verantwoordelik is vir Kaatjie se swangerskap./Tant Wonnie was gebroke oor Norman se dood. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE aanvaarbare voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.* | (3) |
| | | **[25]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **25** |

## VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL – *Die Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.**

- **Ons ontmoet Antie Grootmeisie as 'n gebroke vrou**, want haar seun was verantwoordelik vir die dood van sy vriend en indirek ook haar dogter. Hy het haar in hierdie neerdrukkende omstandighede waarin sy haar bevind, deur sy optrede, gedwing.
- **Antie Grootmeisie probeer in die tronk moedig na Apostel George luister**, maar vind dit moeilik om te kommunikeer en te sê dat sy Map vergewe.
- **Dit is duidelik dat sy lief is vir Map**, want sy besoek hom in die tronk en versaak hom nie, al het hy haar teleurgestel.
- **Sy kan hom egter nie vergewe vir wat hy gedoen het nie**, want die seer is nog te rou. Antie Grootmeisie se verlies is groter as haar vermoë om Map nou reeds te vergewe.
- **Antie Grootmeisie luister aandagtig na Map se skuldbelydenis in die tronk**, maar totale verandering het nog nie in haar karakter plaasgevind nie. Innerlike konflik staan in haar pad tot heelwording.
- **Aan die einde van die roman val Map in boetedoening voor haar neer** en ons sien dat sy Map eindelik vergewe. Groei het dus plaasgevind en vergifnis het ingetree.
- **Toe Antie Grootmeisie aan die einde van die drama weer praat**, was dit 'n duidelike bewys dat sy kon groei om vergifnis in haar hart vir haar seun te vind.
- **Antie Grootmeisie is ook eindelik vry** van die hartseer verlede toe sy dit regkry om te kommunikeer.
- **Cavernelis werk hard en skeep sy vrou af**, maar hy glo dis vir 'n groter plan – om uit die township te kom.
- **Hy laat toe dat sy dogter, Blanchie, by die Lonely Hearts werk**, wat op 'n swak karakter dui. Hy sal tot uiterstes gaan in sy pogings om 'n beter lewe te verseker.
- **Caverelis se obsessie om uit die township te kom, vervreem hom van ander mense** en daarom is persoonlike groei nie baie moontlik nie. Hy bly 'n buitestaander met wie die leeglêers skoorsoek.
- **Hy is 'n alleenstaander wat nie in die gemeenskap inpas nie** en sosiale groei vind nie plaas nie. Sy beroep en besluite vervreem hom van die mense van die Kaapse Vlakte.

- **Toe hy eindelik besef dat hy sy vrou en dogter seergemaak het**, was dit vir hom 'n ontnugterende ervaring, want hy het kontak met die werklikheid verloor.
- **In plaas van positiewe verandering, pleeg hy selfmoord** toe hy besef dat sy kans op uitkoms min is. Cavernelis gee dus moed op en kies 'n ander uitweg toe hy besef sy drome gaan nie waar word nie.
- **Dis hartseer dat Cavernelis se karakter nie positief gegroei het nie**, want sy bedoeling om sy gesin uit die township te kry, was goed en positief.
- **Cavernelis mag gedink het dat hy ontsnap van sy omstandighede**, maar hy is nooit vry van die ellende van die Kaapse Vlakte nie. Hy is nou vir altyd 'n gevangene van hierdie haglike omstandighede.
- **Cavernelis word eerder as 'n tragiese figuur gesien** wat nou sy familie met meer emosionele letsels en probleme agterlaat, want sy selfmoord hou verreikende gevolge vir sy gesin in.
- **Cyril en Richie aanvaar hul omstandighede amper gelate** en toon geen behoefte aan persoonlike groei nie.
- **Hulle is tevrede om maar net kerrim te speel en die gemeenskap te bespreek** eerder as om hulself op te hef.
- **Toe La Guma vir hulle sê dat hulle hulle moet skaam dat hul so leeglê**, het hul hom gevloek en gedink hy is beter as hulle.
- **Aan die einde van die verhaal is hulle eintlik presies dieselfde** en raak dus verteenwoordigend van die massa wat daagliks geen poging aanwend om hul uit hul omstandighede te lig nie.

**Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.** **[25]**

**OF**

**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG – *Die Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

| Vraag | Antwoord | |
|---|---|---|
| 13.1 | In hierdie drama sien ons 'n oordrewe uitbeelding van La Guma deur die oorbeklemtoning van sy kenmerke om die spot te dryf. √<br><br>La Guma se beheptheid met fiksheid √ en politiek √ dra hiertoe by. | (1)<br><br>(2) |
| | | |
| 13.2 | Hy is humoristies/snaaks. √ | (1) |
| | | |
| 13.3 | Hulle hou nie van La Guma nie. √<br><br>*Die fokus is hier op houding; nie bloot "hulle wil nie met hom praat nie." / "Hulle is onvriendelik nie."* | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 13.4 | Dit is ŉ spel wat ŉ ooreenkoms toon met vingerbord waar ŉ stok gebruik word om skyfies in gate te skiet. √<br><br>Die rondstoot van die kerrimskyfies raak simbolies van die rondskuif van die bruin gemeenskap van plekke soos Distrik 6 tot op die Kaapse Vlakte./Die gedwonge verskuiwings van die bruin gemeenskap. √<br><br>Cyril en Richie kerm/kla/praat baie oor Map se vrylating/ander inwoners soos Cavernelis/La Guma/hul lot/omstandighede/onregverdigheid. √ | (1)<br><br>(1)<br><br>(1) |
| | | |
| 13.5 | La Guma aarsel./is ongemaklik./wil nie te bombasties oorkom nie./<br>Dit dui op ŉ dramatiese stilte/pouse./<br>Die stilte ondersteun La Guma se sarkastiese toon. √ | (1) |
| | | |
| 13.6 | Toneelaanwysing/neweteks √<br><br>Tommy is eintlik ŉ baie gemoedelike/rustige/vredeliewende soort ou./Tommy is nie humeurig nie/word nie gou kwaad nie. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 13.7 | Apartheid / Gedwonge verskuiwing van die bruinmense. √ | (1) |
| | | |
| | Dit is as gevolg van die apartheidswette/regering/bestel dat mense vasgevang is in ŉ uitsiglose bestaan sonder ŉ uitkomkans. √<br><br>Reël 26–27 impliseer dat niemand ŉ uitkomkans het nie. Hulle sal nooit uit hierdie uitsiglose bestaan kan ontsnap nie./Hulle sal altyd vasgevang wees in ŉ metaforiese tronk/die Kaapse Vlakte. √<br><br>La Guma meen in reël 26–27 die kleurlingmense doen nie genoeg om hul omstandighede self te wil probeer verbeter nie./Die kleurlingmense aanvaar hul lot gelate./Die kleurlingmense staan nie sterk genoeg op teen die onregverdigheid nie. √ | (1)<br><br>(1)<br><br>(1) |
| | | |
| 13.8 | Daar heers in albei tekste spanning/afwagting/wroeging/ongelukkigheid/ negatiwiteit. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 13.9 | Map is hier die onskuldige/opregte/ware mens./Map het verander en is weer goed./Blanchie het hom altyd Johnnie genoem./Blanchie is lief is vir hom./Blanchie ken Map se mooi, onskuldige kant. √<br><br>Ja.<br>In hierdie gedeelte is sy opreg./rein./tree sy behoorlik/reg op.<br>In hierdie gedeelte sien ons mooi eienskappe soos liefde en omgee in Blanchie.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Blanchie praat lelik met Map./Blanchie sê sy is sleg./Dit maak nie saak wat sy nou doen/sê nie; sy is nie meer wit/rein nie. √ | (1)<br><br><br><br><br><br><br><br><br>(1) |
| | | |
| 13.10 | Blanchie se spanning bereik 'n hoogtepunt./Blanchie gee haar totaal en al oor aan Map se liefde en ondersteuning./Blanchie laat Map toe om haar emosioneel te ondersteun./Blanchie baklei nie meer met Map nie/maak 'n einde aan haar worsteling/raak rustig by Map/kom tot bedaring/kom tot rus/besef sy kan nie alleen iets verder aan die situasie doen nie. √<br><br>Blanchie se optrede is geregverdig, want sy is lief vir Map./sy erken dat hy haar emosioneel kan/wil ondersteun./Sy was werklik histeries./ Die spanningslyn het werklik die krisisoomblik bereik. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 13.11 | Die verteller bou spanning./gebruik die uitsteltegniek. √ | (1) |
| | | |
| 13.12 | Blanchie het as prostituut by wit mans betrokke geraak. √<br><br>Map het na die verkragting van sy suster en ma vir Ivan Philander met 'n mes doodgesteek en is tronk toe. √<br><br>Ja.<br>Hul albei het hul waardes oorboord gegooi en is toe betrek by onbehoorlike/afgryslike dinge.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die politiek van die dag/hul maatskaplike uitdagings/baie ander sosiale probleme het hul in hierdie onbehoorlike gedrag laat beland./Hul het nie eintlik 'n keuse gehad nie, want die omstandighede waarin hul lewe, het veroorsaak dat hul by slegte dinge betrokke geraak het. √ | (1)<br><br>(1)<br><br><br><br><br><br><br><br>(1) |
| | | |

**VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL – *Mis* – Reza de Wet**

**Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.**

- **Die Konstabel kan in verband gebring word met transformasie**, want hy transformeer tot iets en iemand anders nadat hy voorgegee het om iets te wees wat hy nie is nie.
- **As hy die verandering ondergaan, is hy kaal bolyf met die polisie-uniform se baadjie onderstebo** sodat hy 'n hofnar of *pierrot* (Franse narfiguur) word.
- **Saam met die nuwe kostuum word hy ook siende.** Hy haal nie 'n ander baadjie uit nie, maar dit is dieselfde baadjie wat net omgedop word.
- **Die Konstabel word ook deel van die geheimsinnige** wêreld wanneer hy transformeer, op grond van sy blindheid, donkerbril, sy vertelling van die sonsverduistering en sy skielike sig na 12:00.
- **Konstabel bring 'n innerlike verandering/ommekeer/transformasie in ander karakters.** In hul wêreld van vrees, bring hy bevryding.
- **Konstabel dring deur tot die karakters wêrelde om hul te transformeer**, want dis 'n wêreld waarvan hulle nie eens bewus is nie; vir hulle is dit normaal. In Meisie en Gertie se lewe bring hy lig en lewe.
- **Die konstabel se verhale word deur sy transformasie ten slotte in 'n ander lig gestel** en sy manipulasiespel het ten doel om Gertie en Meisie se onderbewussyn te prikkel en hulle tot transformasie/verandering te lei.
- **Die transformasie van die konstabel tot nar kan as die klimaks van die drama beskou word**, want die leser se vrae oor hierdie vreemde karakter is beantwoord.
- **Die konstabel is in sy transformasie as nar die bevrydingsfiguur** wat in sy vermomming as 'n konstabel die beswerende mag binnedring en oorwin.
- **Gertie toon potensiaal om te verander, te transformeer**, as sy die polisieman se tante begin naboots, maar dié proses word onderbreek en sy "krimp" weer terug tot haar oujongnooigestalte as sy van buite af terugkom.
- **'n Mate van bevryding geskied by Gertie as sy meegevoer word deur die Konstabel se vertelling van sy tant Hannie**, want sy vereenselwig haar met Hannie, en begin dans en ontklee in 'n poging tot seksuele bevryding en vervulling.
- **Haar transformasie na Hannie staan is 'n teken van tydelike bevryding en 'n gedeeltelike transformasie**, maar dan skrik sy terug en vlug.
- **Die transformasie van die konstabel tot magiese towerfiguur gee aanleiding tot Meisie se rituele dans** wat haar oorgawe en veranderende optrede wys.
- **Die wegdans van Meisie** kan as die omkering van haar huislike situasie beskou word.
- **Meisie hunker na 'n meer permanente bevryding** en sy word getransformeer om bevry te word van die bande van haar ma.
- **Sy ervaar bevryding/transformasie in die wit aannemingsrok** wat 'n simbool is van onskuld en reinheid, asook 'n simbool van die rein bruid en moontlike vrugbaarheid.
- **Ons leer haar ken as 'n onderdanige dogter,** maar uit hierdie beeld transformeer sy uiteindelik tot 'n bevryde vrou.
- **Meisie is 'n skakel tussen twee wêrelde: die slegruikende mis en die betowerende magiese** en sy bereik haar volheid wanneer sy getransformeer is. Die gedagte word in die slottoneel beklemtoon.

| | |
|---|---|
| • **Dit is interessant dat Meisie sonder skoene uitdans**, want die kaalvoetdans skep die illusie van transformasie/vryword van die aardse.<br>• **Meisie maak haar in haar transformasieproses los van die aarde**, want sy sweef amper weg soos die blomme tydens die sonsverduistering.<br><br>**Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.** | **[25]** |

**OF**

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG – *Mis* – Reza de Wet

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Konstabel is kwansuis blind./ Hy kan nie alleen loop nie, want hy is blind. √ | (1) |
| | | |
| 15.2 | Gabriël bly in die solder en hy gebruik die slopemmer en stuur dit met 'n tou af onder toe om uit te spoel./<br>Die gehoor/leser raak so bewus van Gabriël in die solder./<br>Dit sluit by die tema van die drama aan. √ | (1) |
| | | |
| 15.3 | Nee.<br>Konstabel is nie gaaf nie, want hy manipuleer/mislei die vroue./<br>Konstabel gee voor om iets en iemand te wees wat hy nie is nie./<br><br>Ja.<br>Miem is dankbaar dat Konstabel vir Meisie help./<br>Miem weet nie dat die konstabel voorgee om iets en iemand te wees wat hy nie is nie./<br>Miem is dankbaar vir 'n man se teenwoordigheid. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE motiverings vir EEN punt elk aan.* | (2) |
| | | |
| 15.4 | Meisie se menswees word misken./Miem probeer haar 'n dogtertjie/meisie hou sodat sy haar kan manipuleer./Dit dui op die seksuele ontwaking en die behoefte aan mansgeselskap./Dit maak van haar 'n identiteitlose entiteit asof sy nie self kan dink en doen nie./Dit is 'n miskenning van haar individualiteit. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elke aan.* | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 15.5 | Die sirkusmusiek is aanvanklik die aantrekkingselement wat Meisie se smagting na vryheid/ontvlugting wys./Die sirkusmusiek word gebruik om Miem se strengheid uit te beeld, want dit mag nie gehoor word nie./ Dit is vir Meisie die aanduiding van 'n ander, vroliker lewe elders./Dit beklemtoon die tema van goed en kwaad./Dit verteenwoordig die bose. √<br><br>Aan die einde van die drama is dit simbolies vir die bevryding/vryheid, (want Meisie dans op die maat van die sirkusmusiek by die huis uit.) √<br><br>Ja.<br>Die sirkusmusiek beklemtoon 'n onheilspellendheid wat in fantasie aanwesig is./die sirkusmusiek klink nie altyd asof dit in die werklikheid inpas nie./wil die publiek wegvoer met interessante deuntjies./aktiveer 'n mens se verbeelding wanneer jy daarna luister. √ | (1)<br><br><br><br>(1) |
| | | |
| 15.6 | Miem is streng./kwaai./dominerend./sê Meisie die hele tyd voor wat sy moet/mag doen en nie moet/mag doen nie./Sy is baie voorskriftelik. √<br><br>Miem het ook 'n waardering vir die natuur/haar blomme. √<br><br>Haar begeerte dat Meisie 'n man/geliefde moet hê, kom ook na vore. √<br><br>Meisie is gehoorsaam./onderdanig./aanvaar alles gelate. √ | (1)<br><br>(1)<br><br>(1)<br><br>(1) |
| | | |
| 15.7 | Chaos/wanorde/'n verleentheid/deurmekaarspul/'n vreemde affêre/'n gekkespul √ | (1) |
| | | |
| 15.8 | "narre" / "vals" √ | (1) |
| | | |
| 15.9 | 31 Augustus 1936 √<br><br>Twee meisies (Rienie Pieterse en Sannie Koen) het in die voorafgaande twee jaar op hierdie spesifieke aand geheimsinnig verdwyn en die inwoners vrees dit gaan daardie aand weer gebeur./<br>Hulle sal baie bly wees as 1 September aanbreek sonder dat nog 'n meisie verdwyn het. √ | (1)<br><br>(1) |
| | | |
| 15.10 | Dit gee leiding aan die regisseur./ Dit gee spelleiding aan die akteurs./ Dit gee inligting vir die leser om te weet watter optrede van die karakter verwag kan word./ Dit wys Gertie se ongemaklikheid/senuweeagtigheid./Dit dui 'n ongemaklike atmosfeer aan. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 15.11 | Gertie is ’n oujongnooi wat liggaamsopvoeding by die plaaslike skool gee. √<br><br>Gertie leef valse waarhede./Gertie het eintlik ’n baie lae selfbeeld./Gertie verbeel haar sy is iets wat sy nie is nie./Gertie is ’n leuenaar. √<br><br>Gertie is in Teks A onsensitief/onvriendelik/negatief/ongeduldig/kortaf terwyl sy in Teks B baie vriendelik/spontaan/sensitief/opgeruimd/ positief/opgewonde is. √ | (1)<br><br>(1)<br><br>(1) |
| | | |
| 15.12 | Konstabel hipnotiseer Gertie sodat sy die baie sensuele Tant Hannie word. √<br><br>Konstabel is in sy hoedanigheid as polisieman/beskermer by die hul aan huis./Konstabel is veronderstel om veiligheid/ondersteuning te bied./Konstabel het geen verdere verhoudingplanne met Gertie nie/het net die situasie vir persoonlike bevrediging uitgebuit. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | (1)<br><br>(2) |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**7 PUNTE** | - Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is.<br>- Uitstekende begrip van die genre en gedig. | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van genre en gedig duidelik. | - Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en gedig | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>- Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>- Onvoldoende begrip van genre en gedig | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- Geen verwysing na die gedig nie<br>- Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL**<br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**3 PUNTE** | - Samehangende struktuur.<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling.<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>- Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>- Vloei van argument kan gevolg word<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>- Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie | - Struktuur swak<br>- Ernstige taalfoute<br>- Foutiewe styl |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |

## AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**15 PUNTE** | - Uitsonderlike respons: 14–15<br>- Uitstekende respons: 12–13<br>- Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>- Uitstekende begrip van die genre en teks | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van genre en teks duidelik | - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en teks | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>- Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>- Baie min relevante argumente<br>- Weinig begrip van genre en teks | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- -Swak poging om die vraag te beantwoord.<br>- Argumente oortuig nie<br>- Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**10 PUNTE** | - Samehangende struktuur<br>- Uitstekende inleiding en slot<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | - Duidelike struktuur<br>- Logiese vloei van argument<br>- Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>- Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>- Paragrafering meestal korrek | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief | - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>- Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>- Styl en toon nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou